Ongeouditeerde tussentydse resultate
VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 DESEMBER 2012

AFROCENTRIC GROUP

INKOMSTE	BEDRYFSWINS	GENORMALISEERDE VERDIENSTE PER AANDEEL
22.75% ↑	31.0% ↑	28.8% ↑

AFROCENTRIC HEALTH

AFROCENTRIC TECHNOLOGY

AFROCENTRIC RESOURCES

ONS MENSE
ONS PASSIE

AfroCentric se bestaan dateer terug na 2007 en die maatskappy het sedertdien belê in besighede wat goeie vooruitsigte vir groei toon met die doel om by te dra tot die opheffing van Suid-Afrika se mense op 'n betekenisvolle en volhoubare wyse.

Die Groep se filiaal, AfroCentric Health, geniet 'n unieke status in die gesondheidsorg sektor weens 'n vlak 2 BBBEE gradering.

Die direksie bied met genoeë die Groep se ongeouditeerde resultate vir die ses maande tydperk geëindig 31 Desember 2012 aan.

Die Groep se algehele prestasie vir die tydperk onder oorsig was bevredigend en het weereens positiewe groei in verdienste getoon en terselfdertyd bygedra tot 'n wêreld van bekostigbare en volhoubare gesondheidsorg, doelwitte wat die hoeksteen is van die Groep se strategie.

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Desember 2012 R'000	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Desember 2011 R'000	Geouditeerde jaar geëindig 30 Junie 2012 R'000
Nie-bedryfsbates	1 027 820	941 838	991 884
Eiendom, aanleg en toerusting	96 137	100 048	97 016
Beleggingseiendom	10 300	10 100	10 300
Ontasbare bates	661 007	609 926	611 042
Ongenoteerde beleggings	280	280	280
Belegging in assosiate	88 470	62 368	86 765
Belegging in voorkeuraandele	100 000	100 000	100 000
Uitgestelde inkomstebelastingbates	71 626	59 116	86 481
Bedryfsbates	367 746	241 966	371 416
Ontvangbare rekeninge vanaf assosiate en gesamentlike ondernemings	116 733	94 685	108 511
Receivables from associates and joint ventures	12 260	18 647	14 591
Huidige belastingbates	29 756	7 981	6 404
Kontant en kontantekwivalente	208 997	120 653	241 910
Totale bates	1 395 566	1 183 804	1 363 300
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes	924 842	758 355	882 815
Uitgereikte kapitaal	352 669	347 716	349 365
Moontlike aandele uitgereik te word	188 540	188 540	188 540
Aandeelgebaseerde toekennings reserwe	20 759	-	9 357
Tesourieaandele	(2 701)	(1 162)	(1 772)
Valutaomrekeningsreserwe	(171)	(327)	(646)
Uitkeerbare reserwe	365 746	223 588	337 971
Nie-beherende belang	38 449	17 694	30 625
Totale ekwiteit	963 290	776 049	913 440
Nie-bedryfslaste	278 685	270 376	271 968
Uitgestelde inkomstebelastinglaste	51 846	35 031	47 595
Lenings	200 000	200 000	200 000
Voorsienings	8 350	9 215	8 350
Na-aftrede mediese verpligtinge	3 504	3 821	3 504
Oploping vir reguitlynhantering van huurkontrakte	14 985	22 309	12 519
Bedryfslaste	153 591	137 379	177 892
Lenings	-	-	8 346
Voorsienings	7 181	2 073	8 779
Handels- en ander betaalbare rekeninge	92 641	69 954	76 802
Belasting	3 000	4 239	4 149
Bankoortrekking	-	9 087	-
Werknemervoordeelvoorsienings	53 766	52 026	79 816
Totale laste	432 276	407 755	449 860
Totale ekwiteit en laste	1 395 566	1 183 804	1 363 300

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Desember 2012 R'000	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Desember 2011 R'000	Geouditeerde jaar geëindig 30 Junie 2012 R'000
Saldo aan begin van die tydperk	913 440	747 635	747 635
Uitreiking van aandelekapitaal	3 304	3 931	5 579
Aandeelgebaseerde toekennings reserwe	11 402	-	9 357
Herwaardasie van tesourieaandele uitgereik	(929)	-	(609)
Dividende herwin en filiaal verkrygings	-	-	5 868
Valutaomrekeningsreserwe	476	(568)	(887)
Dividende betaal/Uitkering aan aandeelhouers	(33 218)	(33 884)	(33 884)
Netto wins vir die jaar	59 529	54 344	164 506
Wins toeskryfbaar aan minderhede	9 286	4 591	15 875
Saldo aan einde van tydperk	963 290	776 049	913 440

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	% verandering	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Desember 2012 R'000	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Desember 2011 R'000	Geouditeerde jaar geëindig 30 Junie 2012 R'000
Netto kontantinvloei / (uitvloei) in bedryfsaktiwiteite		74 977	(11 947)	116 236
Netto kontantinvloei / (uitvloei) uit beleggingsaktiwiteite		(70 096)	(24 854)	(55 353)
Netto kontantinvloei / (uitvloei) uit finansieringsaktiwiteite		(37 794)	(24 344)	8 315
Netto (afname) / toename in kontant en kontantekwivalente		(32 913)	(61 145)	69 198
Kontant en kontantekwivalente aan begin van die tydperk		241 910	172 711	172 712
Kontant en ontantekwivalente aan einde van die tydperk	87%	208 997	111 566	241 910
Soos volg gerekonsilieer:				
Kontant en kontantekwivalente voorhande		208 997	120 653	241 910
Bankoortrekking		-	(9 087)	-
		208 997	111 566	241 910

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	% verandering	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Desember 2012 R'000	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Desember 2011 R'000	Geouditeerde jaar geëindig 30 Junie 2012 R'000
Inkomste	22.75%	822 422	670 007	1 448 261
Bedryfskoste		(687 239)	(566 807)	(1 188 960)
Bedryfswins	31.00%	135 183	103 200	259 301
Ander inkomste		4 482	10 965	14 894
Netto finansieringskoste		(893)	(1 701)	3 371
Aandeel van wins uit assosiate		7 091	4 906	14 842
Wins voor waardedaling en amortisasie		145 863	117 370	292 408
Billikewaarde-wins (waardedaling) op belegging		929	-	1 175
Billikewaarde aanpassing op belegging in assosiaat		(308)	-	13 162
IFRS 2 nakoming aanpassing (Notas 1, 2 & 3)		(11 402)	-	(9 357)
Depresiasie		(17 744)	(19 293)	(38 128)
Amortisasie van ontasbare bates		(17 606)	(17 359)	(36 356)
Wins voor inkomstebelasting	23.55%	99 732	80 718	222 904
Inkomstebelasting-onkoste		(30 917)	(21 783)	(42 523)
Wins vir die jaar	16.76%	68 815	58 935	180 381
Ander omvattende inkomste		-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar		68 815	58 935	180 381
Toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die moedermaatskappy	9.54%	59 529	54 344	164 506
Nie-beherende belang		9 286	4 591	15 875
		68 815	58 935	180 381

Nota 1: Aktuarieel bepaalde koste van aandeelgebaseerde toekennings in elke tydperk wat vir geselekteerde uitvoerende bestuurders van AfroCentric Health Limited (AHL) gereserveer is ingevolge die 2009 Verkrygingsooreenkoms, gekategoriseer vir openbaarmaking volgens die IFRS 2.

Note 2: Die bogenoemde nie-kontant aftrekking van die Groep se wins in 2012 ten bedrae van R9 357 is onopsetlik teruggetel vir die doeleindes van die bepaling van verwaterde verdienste per aandeel en verwaterde wesensverdienste per aandeel vir die jaar geëindig 30 Junie 2012. Hierdie berekeninge is gevolglik hersien en korrek weergegee en beskryf in die tabel Verdienste Toeskryfbaar aan Ekwiteitshouers.

Note 3: Gegewe die nie-kontant aard van die IFRS 2 nakoming aanpassing asook die spefisieke en nie-herhalende aard van die toekennings aan die bestuur het die direksie tot die gevolgtrekking gekom dat 'n meer sinvolle maatstaf van die maatskappy se prestasie geopenbaar word deur die IFRS 2 nakoming aanpassing terug te voeg, wat hierin na verwys word as die "genormaliseerde verdienste". Hierdie genormaliseerde verdienste word ook weergegee en beskryf in die tabel Verdienste Toeskryfbaar aan Ekwiteitshouers.

VERDIENSTE TOESKRYFBAAR AAN EKWITEITSHOUERS

	% verandering	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Desember 2012 R'000	Ongeouditeerde ses maande geëindig 31 Desember 2011 R'000	Geouditeerde jaar geëindig 30 Junie 2012 R'000
Getal uitgereikte gewone aandele		269 154 524	267 458 718	268 231 817
Getal uitgereikte voorkeuraandele		16 638 000	16 638 000	16 638 000
Geweegde gemiddelde getal gewone aandele		268 894 005	265 332 341	267 276 657
Geweegde gemiddelde getal aandele vir verwaterde VPA insluitende aandele vir aandeelgebaseerde toekennings		334 333 038	312 530 939	332 384 302
Basiese verdienste	9.54%	59 529	54 344	164 506
Aangepas met:				
- Billikewaarde (wins) waardedaling op belegging		(929)	-	(1 175)
- Omkeer van lenings waardedaling		-	(137)	-
- Billikewaarde aanpassing op belegging in assosiaat		308	-	(13 162)
- Verlies/wins met verkoop van bates		35	(166)	(566)
- Billikewaarde aanpassings (ander)		-	-	(810)
Wesensverdienste		58 943	54 041	148 793
Verdienste per aandeel (sent)				
- Toeskryfbaar aan gewone aandele (sent)	8.09%	22.14	20.48	61.55
- Verwaterde verdienste per aandeel (sent) (soos gerapporteer) (Nota 2)				52.31
- Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	2.40%	17.81	17.39	49.49#
- Genormaliseerde verdienste per aandeel (sent) (Nota 3)	28.80%	26.38	20.48	64.82
- Verwaterde genormaliseerde verdienste per aandeel (sent) (Nota 3)	22.01%	21.22	17.39	52.31
Wesensverdienste per aandeel (sent)				
- Toeskryfbaar aan gewone aandele (sent)	7.63%	21.92	20.37	55.67
- Verwaterde verdienste per aandeel (sent) (soos gerapporteer) (Nota 2)				47.58
- Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	1.96%	17.63	17.29	44.77#
- Genormaliseerde verdienste per aandeel (sent) (Nota 3)	28.40%	26.16	20.37	58.94
- Verwaterde genormaliseerde verdienste per aandeel (sent) (Nota 3)	21.68%	21.04	17.29	47.58

Hersien soos per Nota 2

SEGMENTELE ONTLEDING

	ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012			ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE vir die ses maande geëindig 31 Desember 2011			GEOUDITEERDE RESULTATE vir die jaar geëindig 30 Junie 2012		
	Inkomste R'000	Wins voor belasting R'000	Totale bates R'000	Inkomste R'000	Wins voor belasting R'000	Totale bates R'000	Inkomste	Wins voor belasting	Totale bates
Gesondheidsorgadministrasie	822 422	119 708	1 064 448	670 007	72 152	806 941	1 448 261	217 086	977 763
Elektronika (insluitende beleggingsinkomste)	-	3 881	-	-	2 650	-	-	5 988	-
Tesourie-aktiwiteite	-	3 705	113 559	-	3 915	110 517	-	7 758	119 561
Ander (insluitende tussensegmentuitskakelings)	-	(27 562)	217 559	-	2 001	266 346	-	(7 928)	265 976
	822 422	99 732	1 395 566	670 007	80 718	1 183 804	1 448 261	222 904	1 363 300

KOMMENTAAR
REKENINGKUNDIGE BELEID EN OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 is in ooreenstemming met die vereistes van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS"), IRS 34 - Tussentydse Finansiële Verslagdoening, die SAIGR ("SAICA") Finansiële Verslagdoening Gidse soos uitgereik deur die Rekeningkundige Praktyke Komitee, die Noteringsvereistes van JSE Beperk, en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 71 van 2008 soos gewysig, opgestel. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state is op die historiese-kostegrondslag opgestel en die rekeningkundige beleid stem ooreen met dié wat vir die jaar geëindig 30 Junie 2012 aangeneem en toegepas is in terme van IFRS.

AARD VAN BESIGHEID

AfroCentric Investment Corporation Limited ("AfroCentric") is 'n gediversifiseerde beleggingsbeheermaatskappy in swart besit. Dit is op die Johannesburgse Sekuriteitebeurs ("JSE") in die Gesondheidsorgafdeling onder die kode: ACT genoteer. Die Groep se voorkeuraandele word ook op die JSE onder die kode: ACTP genoteer.

AfroCentric hou 'n aansienlike meerderheidsbelang in AfroCentric Health Limited ("AHL"), voorheen Lethimvula Investments Limited. AfroCentric het sy besit in AHL gedurende die ses maande geëindig 31 Desember 2012 tot 93,64% (Junie 2012: 93,17%) vergroot deur die koop van minderheidsaandeelbelange in daardie maatskappy. AfroCentric gaan voort om gesprek te voer met daardie AHL-aandeelhouers wat hulle AHL-aandele te koop aanbied. AHL besit 100% van die aandelebesit in Medscheme Holdings (Pty) Limited ("Medscheme"), 'n multimedieseskema-administrateur en voorsiener van bestuurde sorg. As die grootste diensverskaffer van gesondheidsrisikobestuur en die derde grootste medieseskema-administrateur in Suid-Afrika is Medscheme daarop gefokus om volhoubaarheid te bereik deur middel van innovasie, effektiewe gesondheidsrisikobestuur, aangevul deur 'n meedoënlose nastrewing van bedryfs- en diensdoeltreffendheid. Medscheme dek meer as 3.2 miljoen lewens. Medscheme se kundigheid in gesondheidsorgbestuur is oor die afgelope 41 jaar opgebou wat verskeie jare ondervinding met die Government Employees Medical Scheme ("GEMS") insluit. Alhoewel Mescheme in wese 'n Suid-Afrikaanse onderneming is het die Groep 'n betekenisvolle teenwoordigheid in Botswana, Namibië, Mauritius, Swaziland en Zimbabwe. Medscheme se bedryfsaktiwiteite in Mauritius dien as uitstekende basis vir verdere internasionale uitbreiding en AHL ondersoek steeds ander moontlikhede op die vasteland van Afrika en elders. Gesondheidsbestuur en tegniese ondersteuningsdienste word vanuit Mauritius aan klante in die Republiek van Ierland voorsien.

AfroCentric het 'n 27,3% nie-beherende belang in Jasco Electronics Holdings Limited ("Jasco") wat op die JSE genoteer is. Jasco verskaf oplossings, dienste en produkte aan klante deur middel van drie vertikale kernafdelings: Inligtings- en Kommunikasietegnologieë, Bedryfsoplossings, en Energieoplossings. Een van Jasco se beleggings is Malesela Taihan Electric Cables (M-Tec). M-Tec is 'n toonaangewende vervaardiger en verspreider van veseloptiese kabels, insluitende 'n omvattende verskeidenheid krag- en telekommunikasiekabels, en voorsien onder andere in die infrastruktuurontwikkelingsvraag in markte in Suid-Afrika en op die vasteland van Afrika. Verdere inligting oor Jasco word op die JSE onder die kode: JSC genoteer.

AfroCentric se eksplorasie- en prospekteer verhouding met Rio Tinto Plc ingevolge die Verhouding en Strategiese Samewerking Ooreenkoms ("RSCA") duur voort.

BEDRYFSOORSIG

AfroCentric se bedryfswinste het R135.2 miljoen beloop gedurende die tydperk onder oorsig (2011: R103 miljoen), 'n toename van 31%. Die verbeterde winsgewenheid is hoofsaaklik te danke aan AHL se verhoogde groei in inkomste weens die uitbreiding van bedrywighede en voortgesette verbeterings in doeltreffendheid in die Administrasie en Gesondheidsrisikobestuur besigheid. AHL se administrasie en bestuurde sorg kontrakte word jaarliks in Januarie hersien en dienooreenkomstig word AHL se winste gunstig geweeg teenoor die tydperk Januarie-Junie van elke jaar. Medscheme het ook GEMS administrasie kontrakte vir invordering en skuld bestuur sowel as die korrespondensie kontrak in 2012 bewin. Hierdie kontrakte het ook bygedra tot die groei in verdienste vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012. AHL se finansiële posisie op 31 Desember 2012 dui daarop dat alle waarborgvoorsienings waarskynlik vervul sal word waardeur die finale prys van die AHL belegging bepaal sal word.

AfroCentric se belegging in Jasco, wat op die JSE genoteer is, het verdienste en beleggingsinkomste van R7.3 miljoen (2011: R4.9 miljoen) vir die ses maande geëindig 31 Desember 2012 opgelewer. Verdere inligting oor Jasco se verdienste, bedrywighede en vooruitsigte is beskikbaar op die SENS onder die JSE-kode: JSC.

AfroCentric het 'n kontrak met Rio Tinto gesluit, op terme wat in ooreenstemming met die voortgesette RSCA is en onderhewig aan DMR goedkeuring, vir 'n beduidende minderheidsbelang in 'n nuwe ystererts eksplorasie geleentheid.

FINANSIËLE RESULTATE

Wins voor belasting vir die ses maande tydperk geëindig 31 Desember 2012, na aftrekking van die IFRS nakoming aanpassing (meer volledig verduidelik in Notas 1, 2, en 3 van die Verkorte Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste), het toegeneem met 23.55%. Wins na belasting toeskryfbaar aan ekwiteitshouers het met 9.54% toegeneem, en verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel het onderskeidelik met 8.09% en 7.63% toegeneem.

Aandeelhouers word weereens daaraan herinner dat al die waarborge verskaf ingevolge die 2009 AHL Verkrygingsooreenkoms ("die ooreenkoms") gemeet sal word aan die werklike prestasie van AHL soos op die 30ste Junie 2013. Tot die mate dat al die waarborge vervul is en afhangende van die persentasie van AHL- aandele in besit van AfroCentric op daardie datum, sal 'n maksimum van 138.5 miljoen gewone aandele, verwys na as "moontlike aandele uitgereik te word" in die 2012 Geïntegreerde Verslag, aan die oorspronklike verkopers voor of op 30 September 2013 gesamentlik met vorige uitkerings toeskryfbaar aan sulke aandele, uitgereik word.

Daarbenewens sal AfroCentric in die tweede kwartaal van die 2014 finansiële jaar voorkeuraandeelhouers in kennis stel van die wyse waarop hulle kan kies om hulle voorkeuraandele in gewone aandele te omskep. Die keuse om die aandele te omskep moet voor die 31ste Desember 2013 gemaak word in terme van die voorkeuraandeel verbonde. Voorkeuraandele wat nie binne die gespesifiseerde tydperk omskep word nie sal deur die maatskappy losgekoop word.

VOORUITSIGTE

Alhoewel die Groep se belegging in AHL oor die algemeen bemoedigend was het die vordering en prestasie van Jasco gedurende die tydperk onder oorsig teleurgestel. Nieteenstaande erken die direksie die talent en verbintenis van beide bestuurspanne en bly vol vertroue in die groeivooruitsigte van elk van die kern besighede. Die direksie sal voortgaan om nuwe geleenthede volgens die kriteria neergelê deur die direksie se Beleggingskomitee te evlaueer, insluitende die verskaffing van voortdurende raad aan die groepsbestuur rakende operasionele aangeleenthede en doeltreffendhede.

GEBEURTENISSE NA DIE TYDPERKEINDE

Geen noemenswaardige gebeurtenisse het sedert die tydperkeinde en hierdie aankondiging plaasgevind nie.

DIREKTEURE

Gedurende die tydperk onder oorsig het NB Bam as voorsitter afgetree, maar sy sal voortgaan om op te tree as 'n nie-uitvoerende direkteur van die maatskappy. Dr. AT Mokgokong is as voorsitter en D Dempers as hoof uitvoerende beampte aangestel. Geen verdere veranderinge is aan die AfroCentric direksie aangebring nie.

DIVIDENDE

Dit is die direksie se beleid om aan die einde van elke finansiële jaar winste vir uitkering aan aandeelhouers te oorweeg. Gevolglik word geen uitkerings huidiglik oorweeg nie.

OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die ongeouditeerde tussentydse resultate is opgestel onder die toesig van Mnr. WRC Holmes GR(SA) in sy hoedanigheid as die Groep Hoof Finansiële Beampte.

Op Las Van Die Direksie
Yolandi Van Zweel

Waarnemende maatskappysekretaris
Johannesburg

Direkteure
AT Mokgokong** (Voorsitter),
D Dempers (HUB)***, WRC Holmes (HFB)***,
NB Bam**, B Joffe**, JM Kahn**,
MJ Madungundaba**, Y Masithela*, G Napier*, MI Sacks**

*onafhanklik nie-uitvoerend **nie-uitvoerend ***uitvoerend

Geregistreerde Kantoor
Conradweg 37
Florida-Noord 1709

Borg
Sasfin Capital ('n Afdeling van Sasfin Bank Beperk)

AfroCentric Investment Corporation Limited
Registrasienommer 1988/000570/06
JSE-Kode: ACT, ACTP
ISIN: ZAE 000078416, ZAE 000082269
("AfroCentric" of "die Maatskappy" of "die Groep")

www.afrocentric.za.com

Tascom